

**13 Junie**

**Skrifgedeelte: Lukas 16 :1–13**

**Fokusgedeelte: Lukas 16 :10-13**

### **Jy kan nie God en Mammon dien nie**

Ons lees hier van Jesus se vermaning aan die Fariseërs en die skrifgeleerdes oor hulle verkeerde gesindhede teenoor persone en die gebruik van geld en middele. Deur hierdie gelykenis word hulle opgeroep tot ongeveinsde liefde en betroubaarheid in diens van God.

Jesus wys hulle daarop dat die wêreldgesindes baie beter op die toekoms ingestel is as dié wat uit die geloof lewe. Natuurlik mag ons nooit beweer dat Jesus op enige wyse die oneerlike bestuurder loof vir sy optrede nie. Trouens, presies die teenoorgestelde is waar as ons die fokusgedeelte (vers 10-13) reg lees. Die werkgewer loof die bestuurder, nie oor sy oneerlikheid nie, maar hy gee hom erkenning vir sy vindingryke en slim plan om voorsiening te maak wanneer hy uit sy werk ontslaan word. Jesus leer nie dat ons oneerlik en op 'n wêreldse wyse met die wêreldse dinge kan omgaan nie. Hy sê slegs dat die wêreldse mense (goddeloses) met wêreldse sake “slim” en dikwels vindingryker omgaan as wat gelowiges sou doen met daardie sake wat hulle ewige saligheid aangaan.

Daar is baie gelowiges wat hulself as gehoorsaam en getrou beskou in hul navolging van Jesus, maar hulle lewens getuig nie daarvan nie. Hulle sal hulle voluit inspan en die uiterste opoffering maak vir hul sport of enige saak wat in dié lewe belangrik is, maar as dit kom by hul geloof en godsdiens, is hulle vol verskonings en louwarm in hul optrede. Vir diesulkes sê Jesus dat hy wat betroubaar is in die geringe dinge, sal betroubaar wees as dit om die belangrike sake gaan. Net so waarsku Hy dat as 'n persoon minder belangrike skuldbewyse weggeredeneer en vir eie voordeel verdraai, sal hy ook nie in die groter kwessies eerbaar wees nie.

*Ds JE Franck (Magol)*